

Visie: Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik
Missie: Koinonia, Geloof en Getuienis

Jaargang 15

4de Kwartaal 2014

'n TUISTE IN DIE HEMEL



Johannes 14: 1-6

Miskien sou ons kon sê dat die sorg van die Here sy hoogtepunt bereik in dit wat die Here Jesus vir sy dissipels gesê het: **“In die huis van my Vader is daar baie woonplek”** en **“..Ek gaan om vir hulle plek te berei...”**

'n Huis is nie maar net 'n klompie stene opmekaar gemessel met 'n dak daaroor nie. Huis is nie maar net 'n blyplek nie. Huis is 'n

woonplek. Plek waar ek saam met ander mense **woon** – dan nie soos in 'n hotel met sy ritse kamers en gange en mense wat, sonder om mekaar raak te sien by mekaar verby beweeg nie. Huis is 'n plek vir 'n gesin, vir kinders saam met 'n Pa en 'n Ma. Daarom is huis 'n plek van liefde, van vrede, van veiligheid, van troos, van geborgenheid, 'n baie spesiale plek van warmte. Huis is 'n plek waar 'n kind tuis kan wees.

Jesus sê vir sy dissipels dat Hy na só 'n plek op pad is - die hemelse huis van sy Vader. Die rede waarom Jesus vir hulle van die wonderlike Vaderhuis vertel, was om vir hulle te sê: dis nie Mý Vaderhuis alleen nie – dit is ook julle Vaderhuis. Daar is baie woonplek, genoeg vir elkeen van God se kinders.

'n Huis kan nooit werklik 'n huis vir 'n kind wees as dit maar net aan hom belowe word nie. Hy sou dan hoogstens verlangend deur die tralies van die heining kon loer.

Ongelukkig bly die Vaderhuis waarvan Jesus praat vir baie

mense net 'n belofte. Hulle staan lewenslank deur die tralies en loer.

Jesus het sy kinders lief en Hy wil hulle by Hom in die Vader se huis hê. Hy wil hulle nie watertand buite laat staan nie. Daarom gooi Hy die hekke en die deure vir hulle oop en sê hoe Hy sal sorg dat hulle kan inkom. Hy sê: **“Ek is die weg ...”** Daar is maar een pad na die Vaderhuis: deur Jesus Christus: **“Wie in My glo, het die ewige lewe”** (Joh 6:47). In sy sorg gaan Hy nog verder: **“Ek is ... die waarheid en die lewe.”** Deur sy waarheid verlig Hy ons sodat ons

ONS HOU PARTYTJIE!

Sondag, 19 Oktober 2014 het ons “partytjie” gehou want dit is nie aldag dat die dominee en sy vrou verjaar nie. Ds Barry het op 17 Oktober verjaar en Ina op 22 Oktober. Saam is hulle seker nou so 100 jaar plus oud maar ons sal nie vra nie. Veral nie vir 'n dame nie!!!

Krimpie het hulle na afloop van die diens namens die Kerkraad en gemeente gelukgewens met die groot dag en die gemeente genooi om saam met hulle 'n koppie tee en verversings in die saal te geniet.

WELKOM AAN ANNELIE JANSE VAN VUUREN – SKRIBA

Baie welkom aan Annelie Janse van Vuuren wat op die 1ste Oktober 2014 diens aanvaar het as Skriba in die plek van Dawn Rall wat afgetree het.

nie verdwaal nie, en Hy gee my die lewe sodat ek nie moeg word nie. En nóg verder: Hy gee vir ons die Heilige Gees om ons op ons aardse pad te begelei totdat ons ons voete in die huis van ons Vader sit.

Ons Vader sorg vir my omdat ek meer werd is as baie mossies, Hy laat my wind-af leef, Hy is by my as ek wind-op sukkel, Hy sorg deur vir my die wonderlikste gawes te gee, en Hy gee aan my 'n ewige tuiste.

Lukas Meyer

Daar is vir 'n tydjie lekker saam gekuier en ons dank gaan aan die dames vir die voorbereiding van die saal, die blomme en vir die lekker eetgoed wat voorgesit is.



Annelie en haar man Lukie Janse van Vuuren was voorheen woonagtig in Frankfort. Daar het sy 22 jaar by Clover gewerk en Lukie by die Munisipaliteit. Hulle het twee kinders en twee kleindogtertjies wat in Johannesburg woon. In

Desember sal die derde dogtertjie by die familie aansluit. Hulle is reeds vier jaar lidmate van die NG Kerk Parys-Wes.

Ons wens haar baie sterkte toe in die pos van Skriba waar sy die skakel tussen die kerk en die gemeente is.



TOTSIENS AAN DAWN : 1986 - 2014



Dawn Rall het aan die einde van September 2014 afgetree na 'n dienstyd van bykans 28 jaar by Parys-Wes. Sy en Johan het in 1974 na Parys gekom en sy was aanvanklik baie betrokke by die Vrouediens en die Kinderkrans. In 1986 is sy aangestel as Koster en in 1987 as Skriba.

Haar skakeling met die gemeente en al haar ander aktiwiteite was

altyd vir haar 'n plesier. Oor die jare het sy ook gedeel in die vreugde en hartseer van die gemeente en het sy saam met verskeie leraars gewerk.

Dawn sê dankie vir die tydperk wat sy deur die Genade van die Here hier in Parys-Wes kon werk. Sy is as afgetredene reeds baie besig en, soos wat haar pa ook gesê het, sy weet nie waar het sy tyd gekry om te werk nie.

Ons sê baie dankie vir Dawn vir al haar insette in die gemeente en ons wens haar en Johan sterkte toe vir die tyd wat voorlê. Hulle is steeds gemeentelede en ek is seker ons sal haar steeds by die basaar agter die "chips"-masjien sien. En sy is natuurlik nog steeds betrokke by die Voortrekkers en gelukkig is daar nie sulke goed soos aftrede nie en jy kan aangaan solank jy kan.

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag die volgende persone wat gedurende September en Oktober 2014 by die gemeente aangesluit het, hartlik verwelkom. Ons vertrou dat julle reeds ingeskakel het, dat jul verblyf hier vir julle verrykend sal wees en dat julle betrokke sal raak by die gemeenteaktiwiteite.

Naam	Vorige gemeente	Wyk	Kontaknommer
Ben Oosthuizen	NG Bergsig	Protea 17	072 2870668
Trynie Oosthuizen	Evangelies Gereformeerd, Rustenburg	Protea 17	082 7803970
Attie du Plooy	NG Heuwelkruin	De Villiers B	082 8573359
Denise Joyce	NG Vanderbijlpark	Pistorius M1	082 4101874
Hermien Bosman	NG Parys-Oos	Paulsen E	056 811 2526
Janine Nell	NG Parys-Oos	Bredell	072 6638190
Hannes en Alida Pretorius	Vanderbijlpark Moedergemeente	Gradwell 11	?? 0568171056 /
Tertia Pretorius	NG Parys-Oos	Gradwell 11	083 2877470
André Snyman	Skuilkrans - Pretoria-Oos	Hickman 3	082 6031582
Liana Snyman	Hervormde Kerk, Parys	Hickman 3	083 2966914

GETUIENISSONDAG

Die Diensgroep Getuienis het só 'n Sondag vir 14 September 2014 beplan – 'n erediens wat vir drie persone die geleentheid gegee het om te vertel van die pad wat die Here met hulle geloop het en nog loop.

Die eerste getuienis was dié van **dr Rudoph van Wyk** en hy het vertel van sy bekering in st 9, met tye daarna - van verder weg en dan weer nader aan die Here lewe. Maar die groot draai was in 2009 met die **Mighty Men byeenkoms** op Greytown waar hy in besonder getref is met wat in Ef 4:24 staan: "Lewe as nuwe mense.." (In Engels: "Put on the new self ..")

In sy werk as medikus moet hierdie nuutheid gestalte kry in empatie, geduld en om elke pasiënt te sien as 'n unieke mens wat voor hom

sit. Daar is dié wat eintlik maar net 'n oor soek wat sal luister en daarom gaan behandeling vir hom oor meer as pilletjies uitdeel.

Vir moeilike situasies van slegte nuus oordra aan pasiënte of naasbestandes, volg hy die reguit en eerlike pad. Hy probeer altyd hoop gee en die familie rustig hou. Die doodstyding is nooit maklik om oor te dra nie en soms huil en bid hy maar saam..

Gesondheid raak jou hele wese en aangesien die Bybel leer dat jou liggaam die tempel van die Heilige Gees is, kan ons nie vir die Here 'n slegte huis gee nie - ons moet ons gesondheid oppas en ons geestelike lewe nie afskeep nie. Enige beroep vra dat jy die Here sal saamneem werk toe om daar deur Hom gebruik te kan word.

Ons tweede gas was **Tersuis Jonker**: Op treffende wyse het hy vertel dat hy as jong polisieman dikwels met die dood te doen gekry het en later het hy vrees en hartseer, saam met vriende, deur drank probeer verdryf. Ten spyte van sy Christelike opvoeding het hy God eenkant toe geskuif en later heeltemal Sy hand gelos. Die uiteinde was dat hy ook met dwelms deurmekaar geraak het, by misdaad betrokke was en tronkstraf opgelê is - 7½ jaar! In die polisie-selle het hy weer sy hart vir die Here gegee en met daardie sekerheid kon hy die tronklewe aandurf – nie ‘n maklike lewe nie! Daar is goeie en slegte mense in die tronk en jy word daaglik gekonfronteer met bendes se bedrywighede – geweld, smokkelary, oneerlikheid ens. Ps 50:15 het hom staande gehou: “Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer!”

Hy sluit af met goeie raad, nie net vir jongmense nie: as jy foute maak, moenie verskonings soek nie – erken dit. **Dwelms IS NIE COOL nie. STOP dit nou.** Die tronk is oop vir elke mens – dis

STAP VIR BYBELS

In die vorige Posduif het ds Weitz Botes onder andere die volgende gesê oor Bybelverspreiding: “Die lees van hierdie kosbare Bybel verander steeds die lewens van derduisende mense oor die hele wêreld. Die Bybelgenootskap is ook afhanklik van donasies om die groot tekort aan Bybels in Suid

maklik om daar in te gaan, moeilik om heel daar uit te kom. Tog geniet jy respek as Christen wanneer God in jou sigbaar is. Onthou, jý maak keuses, God hou jou vas, dis jy wat Sy hand los.

Ons derde gas was ‘n mooi jong dame, Twanique Weber. Sy is vir ‘n tweede jaar deel van die **TIC** - (Transformation in Communities) span jongmense wat ‘n jaar of twee van hul lewe daaraan wy om ander jongmense in ‘n gemeenskap te lei tot ‘n dieper vlak van hul verhouding met God. Dit geskied op lekker maniere soos deur avontuurlike aktiwiteite, dans, drama en musiek. Twanique het die belangrikheid van ‘n goeie verhouding tussen ‘n jongmens en sy/haar pa beklemtoon – dit vorm dikwels die basis vir ‘n gesonde verhouding met God die Vader. Twanique was inspirerend, positief en ‘n lewende bewys van Jesus Christus se teenwoordigheid in ‘n jongmens se lewe.

Uit al die getuienisse kon ons leer dat God vol liefde is en dat sy getrouheid om te wees wie Hy sê Hy is, onweerlegbaar vas staan.

Suna

Afrika aan te spreek en daar word tydens elke nagmaal ‘n kollekte opgeneem vir Bybelverspreiding. Die koste van ‘n Bybel is tans R40.00. Jou klein donasie kan ‘n reuse verskil in iemand anders se lewe maak.”

Op Vrydag, 19 September tydens die gemeente se verjaarsdag-naweek, het 'n groot aantal gemeentede en lede van buurgemeentes deelgeneem aan Parys-Wes se "Stap vir Bybels". Met die stap is daar verder bygedra tot die ideaal van die gemeente om 'n bydrae van een Bybel (R40.00) per belydende lidmaat aan die Bybelgenootskap moontlik te maak. Baie dankie aan almal van 3 tot 80 wat deelgeneem het. 'n Groot groep jong mense, insluitende die van TIC, het ook saam gestap en dit baie geniet.

(Lees berig oor Getuienisondag om te sien wie en wat TIC is).

Na afloop van die stap het elke deelnemer 'n medalje van die Bybelgenootskap gekry. Dankie ook aan Krimpie en Johan wat gesorg het dat die wors gaar was na afloop van die stap sodat die innerlike ook versterk kon word.

Dit was lekker, nie te vêr nie en ons nooi graag diegene wat dit nie vanjaar kon maak nie uit om volgende jaar saam te stap.



CAPRIVI-UITREIK 2014

Na aanleiding van die berig oor die Caprivi-uitreik in die vorige uitgawe van die Posduif, het ons die volgende getuienis oor Esma Bekker van Anna-Marie van der Berg ontvang:

My tannie en oom, Esma en Ben Bekker uit die Bothaville-gemeente was hierdie jaar op die Caprivi-uitreik. Esma het verlede jaar 'n galblaasoperasie ondergaan wat skeefgeloop het toe sy onder narkose 'n beroerte gekry het. Sy was aan die een kant verlam en haar spraak aangetas, soveel so dat sy glad nie meer 'n gesprek kon voer nie. Sy kon net enkele woorde met moeite uiter. Sy kon egter nog helder dink en elke woord verstaan wat ander vir haar sê – jy kan jou indink dat dit vir haar baie frustrerend was omdat sy nie kon terugkommunikeer nie.

Om dié rede was dit vir my so inspirerend dat sy wel op die 2014-uitreik gegaan het. Ongeveer 'n week nadat hulle teruggekeer het, het sy weer 'n beroerte gehad maar die keer het sy dit nie oorleef nie. Met haar begrafnis

het dominee vertel hoe 'n inspirasie sy vir die ander mense in hulle groep was omdat sy die Woord voluit verkondig het – veral die dag toe hy haar gekry het waar sy met 2 vroue gesit het en hulle tot bekering gebring het ten spyte van die feit dat sy feitlik glad nie kon praat nie. Sy het op 'n hoogtepunt in haar lewe gesterf.

OM TE TREK

Baie van ons gemeentede en vriende kan geklassifiseer word as senior burgers en baie wat tans nog in 'n groot huis woon sal dalk een of ander tyd moet trek. Party na 'n plaaslike aftree-oord en ander sal Parys dalk moet verlaat om nader aan die kinders te beweeg. Hoe lyk so 'n trekkery en hoe word dit ervaar as jy jou bekende omgewing moet verlaat? Daar is verseker voordele en nadele verbonde aan so 'n verhuising. Ons het vir Joan en oom Andrew Barry, wat onlangs deur die proses is, gevra om vir ons te vertel hoe hulle dit ervaar het. Hier is hulle storie.

TREK - Dis 'n doodgewone Afrikaanse woord met 'n magdom betekenisse, kontroleer maar in die woordeboek! Maak nie saak in watter verband ons dit gebruik nie, dis bekend. In Genesis het die Here vir Abram gesê: “Trek uit jou land uit ...” en hy het verstaan. Toe dié dag vir ons aanbreek, het ons ook verstaan, maar dit was nie maklik nie.

Kort na 8vm op 15 Mei het die trekwa voor ons deur stilgehou. Andrew het uitgestap om die hek vir hulle oop te maak, ek het 'n foto geneem en toe gebreek. Hulle het gekom om die huis wat ons 20 jaar gelede gekoop het leeg te maak en alles weg te ry. Dit was net skielik te oorweldigend en ek het my hart

op Nthombi, ons huishulp, se bors uitgesnik. Sy het getroos tot ek bedaar het, want ons moes aangaan, dit was letterlik soos “die Filistyne is op ons!” Met hul kartonne het hul die een vertrek na die ander ingevaar en voor die voet ingepak. Die paar goed wat ons uitgehou het om later die innerlike te kan versterk en dit wat ons self met die motor wou saamneem, moes ons bewaak en die huishulp het die besem, lappe en stofsuiers gegryp sodat sy teen die einde darem die huis kon skoonmaak! Die meubels is moeiteloos uitgedra en ingelaai en die vertrekke was gou leeg en verlate, die swartsakke met rommel het in die sleepwa opgehoop sodat dit later na die vullisgate gery kon word. Hoe kan mens soveel gemors in jou huis ophoop en verdra?

Lank voordat óns gereed was om die aftog te blaas het die span ingeklim, totsiens gesê en die pad na Pretoria gevat. Gelukkig was ons dogter tuis om hulle te ontvang in die woonstel wat by hul huis vir ons gereed gemaak is. Sy stuur toe later vir ons 'n SMS om te sê hulle is daar en “hier is baaaie bokse!!” (Daar wás baie!) Ons het saam 'n draai deur die tuin gestap en hier en daar 'n plantjie uitgehaal om te gaan oorplant en die laaste goedjies ingelaai. Saam met Nthombi het ons met gemengde

gevoelens deur die leë huis gestap en gesorg dat dit oral skoon is voordat die kopers die sleutels kom kry het. Dáárdie gevoel kan jy vir niemand beskryf nie... Ons huis se naam was SELA omdat die Here dit self vir ons uitgesoek het. Ons het baie gelukkige ure daar deurgebring en het altyd die versekering gehad dat Hy saam met ons daar woon.

Uiteindelik kon ons vertrek, met trane die bure totsiens wuif, vir ouslaas 'n draai by die Poskantoor maak vir moontlike pos en Parys uitry - 'n dorp en gemeente waar ons vir 19 jaar intensgelukkig gewoon en gewerk het! In Clubview het die Doyle- familie ons ingewag: Ons moes 'n lint wat voor die die voordeur gespan was eers knip voor ons kon ingaan en hulle het vir ons 'n welkomlied gesing. Watter ouer kan in so 'n geval met droë oë in 'n nuwe woonplek instap? Die kinders het baie moeite gedoen om alles vir ons so gerieflik en aangenaam as moontlik te maak, ons was verras!

Die uitpak en regpak was 'n langsame en pynlike proses. Ons moes elke dag bid vir genade en die verlange na vriende wat ons agtergelaat het, het dit nie makliker

gemaak nie. Dit was traumaties om jou huis, tuin en baie van jou besittings af te gee, jou gemeente, dorp en vriende te groet.....Dis gelukkig verby al het dit soms gevoel of ek nooit behoorlik gevestig kan kom nie. Die voorreg om 'n tuin te kon aanlê, was vir albei terapie en ons bring baie van ons tyd daar deur. 'n Nadeel van trek is egter dat jy van nuuts af jou voete moet vind: strate, inkopiesentrums, haarkapper, dokters, apteek en oral waar jy wil gaan.

Maar dit is steeds 'n vreugde om die kinders en kleinkinders naby ons te hê. Ons skakel in by NG Sesmylspruit waar ons dadelik tuis en gelukkig gevoel het: kon saam "StapvirBybels", basaar hou en geniet die Super Seniors se byeenkomste. (Hulle Op-en-Wakker-span). Andrew het al 'n draai gemaak by die middag VGK diens waar hy sommer uit die huis vir hulle 'n Tswana boodskappie moes gee!

Die Here is goed vir ons en Hy dra ons deur hierdie dae van aanpassing. Dankie dat ons vir lank deel van Parys-Wes kon wees, Hy seën julle!

Joanie en Andrew Barry

Parys-Wes-koor: Ons het weer 'n kerkkoor en hulle het reeds 'n keer in die kerk opgetree. Oefening sal in alle erns hervat word na die opening van die skole in Januarie. Die koor oefen om 18:00 op Donderdagaande by die kerk. Daar sal in Januarie begin word met liedere vir die Pase. Kontak Hermien (056 811 2526) vir nadere besonderhede. Nuwe stemme is altyd welkom.

WEBWERF VIR DIE GEMEENTE : Foto's en inligting van gemeentektiwiteite vir die webwerf kan aan Cleone (cleone.deswardt@gmail.com) gestuur word. Besoek die webwerf gerus by www.ngwes.parys.co.za.

KOMENDE GEBEURE

NOVEMBER

30 : 18:00 - Gesamentlike Kerssangdiens – NG Parys-Suid

DESEMBER

5 : 18:00 - Pik-en-Proe Bring jou lekkerste Kersgereg – R25.00pp.

7 : 09:00 - Gesamentlike erediens by Parys-Suid

10 : Skole sluit

14 : 09:30 - Gesamentlike erediens by Moedergemeente

16 : 09:30 - Geloftefeesdiens by Moedergemeente

21 : 09:00 - Gesamentlike erediens by Parys-Oos

28 : 09:00 - Gesamentlike erediens by Parys Wes

25 : 08:00 - Kersdiens by Parys-Wes

31 : 18:00 - Oujaarsdiens by Parys-Wes

KATEGESSE – BELYDENISAFLEGGING

Baie geluk aan die jong mense wat in September belydenis van geloof afgelê het. Die gemeente verwelkom die volgende belydende lidmate.

Dewald Alberts
Derick Claassen
Nadia Deetlefs
Paul Grimbeek
Rikus Janse van Rensburg
Megan Joyce
Maryke Meyer
Danell Mostert
Hannes Pretorius
Franco Sadie
Lizandré Vertenten

(Foto: Jean Grimbeek)



FUNKSIE VIR SENIOR BURGERS

Die jaarlikse funksie vir lidmate oor 70 jaar, is weer hierdie jaar soos gewoonlik op Willie en Susan Burger se plaas, Deo Volente, op die walle van die Vaalrivier, gehou. Dit is 'n Gemeentebediening-projek en word elke jaar geesdriftig deur almal wat daarvoor kwalifiseer, bygewoon. Hierdie jaar het 65 lidmate die funksie bygewoon.

Ds Weitz Botes het die verrigtinge met Skriflesing en gebed geopen, waarna hy spontaan sy gunstelinglied "Kom dank nou

almal God" ingesit het en almal het heerlik saamgesing. Krimpie het 'n kostelike stukkie uit een van Langenhoven se boeke voorgelees.

Almal geniet altyd die lekker saamsingliedjies en dit het bygedra tot 'n vrolike atmosfeer.

Die dames moes hoede en handsakke saambring vir 'n hoede-parade en almal het spontaan daaraan deelgeneem.

Tuisgebakte brode met heerlike smere, uitpakslaai en lekker gebraaide wors is voorgesit vir 'n laat-ontbyt en almal het die feesmaal geniet. Geurige

koeksisters en sjokoladekoek saam met die koffie was die nagereg.

Volgende jaar in Oktober maak ons weer so. *Hannetjie*



ONS SENIOR BURGERS 80 jaar en ouer

Hartlik geluk met u verjaardae! “Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy tevrede is en Hy ondersteun hom.” Ps 37:23

SEPTEMBER:

09 - Johan Schultz : Hou aan en hou uit ten spyte van hoë ouderdom. Het baie rede tot dankbaarheid.

11 - Weitz Botes: Gaan fisies en geestelik uitstekend! Groot genade!

14 - Hannie van der Westhuizen: Het nie 'n goeie jaar as gevolg van nierversaking en ingee van oë gehad nie. Besig met behandeling.

23 - John Butler: Deur genade gaan dit goed. Doen nog raam- en tuinwerk en geniet dit baie. Baie geseënd!

29 - Elsa Enslin: Loop en beweging moeilik, verder goeie gesondheid.

OKTOBER:

21 - Jannie Pretorius: Word versorg in die versorgingseenheid. Algemene gesondheid goed en hy is gelukkig.

22 - Ria Botha: Het ouderdomverwante pyne, verder goed en gaan nog aan.

23 - Hettie de Villiers: Het geval en heup gekraak, neem tyd om te herstel, maar vorder.

NOVEMBER:

04 - Hannes Claassen: Was ongesteld, maar met die Here se genade gaan dit nou baie beter.

15 - Ray Pullen: Gaan nog goed.

16 - Elsabe du Plessis: Het 'n heupvervanging gehad, loop alweer. Gaan goed!

19 - Hennie van Brakel: Deur genade gaan dit goed en kan hy nog in die tuin werk. Alles genade!

21 - Sally Coertze: Het geval, haar rug seergemaak en verduur baie pyn. Sien die dokter op 17 November.

DESEMBER:

03 - Marie du Plessis: Gaan goed al is sy nou bedlêend, “kan mos nie handdoek ingooi nie”. Lees nog baie. Baie dankbaar vir wat sy nog het.

05 - Janie Goosen: Word in die versorgingseenheid versorg.

08 - Marie le Roux: Word in die versorgingseenheid versorg.

08 - Lappies Labuschagne: Het velkankerprobleme gehad maar dit is opgelos en agter die rug. Gaan nou weer goed.

10 - Lily Meyer: Dit gaan redelik goed. Het baie pyn, maar hou aan en hou uit! (93 jaar oud!)

13 - Rina Labuschagne: Het ‘n skouervervanging gehad en dit is besig om mooi te herstel. Gaan goed.

25 - Philip Scholl: Het baie gesondheidsprobleme as gevolg van verkeerde medikasie en blaas- en niermoeilikheid. Glo die Here sal sorg vir beterskap!

**BESOEK VAN LOURENS GESIN UIT OOS-AFRIKA –
SONDAG, 9 NOVEMBER 2014**



Op verrassende wyse het Jaco en Heleen en hul drie kinders, Annelise, Musa en Suané die kerkgebou binnegekom op

Sondag, 9 November, geklee as ‘n Moslemgesin. Dis in só ‘n land waar hulle elke dag leef en werk in die verre noorde van Somalië, bekend as Somaliland – ‘n deel van die land waar dit nog rustig en bestendig gaan sonder Boko Haram se terreurdade, ‘n landstreek wat poog om internasionale erkenning te kry en die rede waarom die regering gematig is in hulle optrede na buite.

Dis ‘n land wat 99.9% Moslem is en daarom ook gevaarlik vir enige Christen om sy geloofsidentiteit bekend te laat word weens die moontlikheid van summiere uitsetting. Muhammed Ali het 7 jaar gelede tot bekering gekom en selfs sy vrou, wat ‘n toegewyde Moslem is, weet dit nie. Jaco werk daar as humanitêre werker vir internasionale organisasies, veral uit die VSA, wat betrokke is by armoedeverligting en maak gebruik van Muhammed as tolk wanneer dit kom by die verspreiding van kospakkies en duisende pare skoene vir skoolkinders. Jaco werk ook nou saam met die minister van landbou omdat hy die plaaslike bevolking help met die verbouing van groente – iets wat vanweë die moeilike landbou-omstandighede hoegenaamd nie in hulle dieet voorkom nie.

Jaco staan nie bekend as 'n Christen nie, want daar is geweldige antagonisme t.o.v. die Christendom, maar wel as 'n volgeling van Isan (die woord wat in die Koran vir "Jesus" gebruik word). In sy omgang met mense lééf hy en sy gesin die evangelie van liefde en vertrou die Heilige Gees om die ware Jesus aan hulle te openbaar.

Met sprekende foto's kon hy hulle omgewing aan ons bekend stel en sluit sy praatjie af met iemand se aanhaling: "Die evangelie kan net 'goeie nuus' wees as dit betyds sy bestemming bereik". Die Lourense het inderdaad ons deurlopende gebeds- en finansiële steun baie nodig. *Suna*

SCHONKENVILLE HOU BASAAR

Op Vrydagmiddag, 5 November het die vroue en manne met hul lepels en panne, deeg en suiker opgeruk Schonkenville toe om te gaan help basaar hou. Dit was weer die jaarlikse basaar van die NG Kerk in Schonkenville en soos die gewoonte al is het van die ander gemeentes ook ingespring om te help. Parys-Wes het pannekoek gebak, Alida Keulder was verantwoordelik vir die lekkergoedtafel, nog 'n gemeente het koeke gebak, ens, ens en op die manier is die gemeente gehelp om 'n baie aangename en

suksesvolle basaar te hou. Groot en klein was daar en party het te lekker gesmul aan al die eetgoed terwyl ander hul voorrade vleis en klere aangevul het.

Baie dankie aan almal wat gehelp het by die pannekoektafel. Daar is 'n mooi bedrag met die pannekoekverkope ingesamel en dit het bygedra tot die basaar-inkomste van meer as R30 000. Die Schonkenville-gemeente is veral dankbaar dat die bedrag wat op die kollektelyste ingesamel is, verdubbel het.



KRY DIE POSDUIF PER E-POS

Die Posduif is ook elektronies beskikbaar. Stuur asb jou naam en e-posadres aan Hansie Bekker by hansieb@lantic.net en die Posduif sal per e-pos aangestuur word. Stuur ook inligting en interresantede oor ons mense en gemeente-aktiwiteite aan dieselfde e-pos of skakel Hansie of Elize by 056 811 4754 / 082 820 4306.,